HOËRSKOOL PAUL SAUER HIGH SCHOOL
☎ (042) 2880 321
🖷 (086) 5594475
✍ pauls@lantic.net
✉ 8
KAREEDOUW
6400

DISSIPLINÊRE STELSEL
HS PAUL SAUER – KAREEDOUW

Opvoeders is dit eens dat leer slegs plaasvind in die teenwoordigheid van dissipline en roetine. Dit is steeds ons uitgangspunt dat positiewe aanmoediging van ons leerders die beginpunt van ons skoolbeleid moet wees. Soms is dit egter nodig om negatiewe gedrag teen te werk en sodoende gedrag op die regte koers te help bevorder.

KATEGORIE 1: KLEINER OORTREDINGS

1. Praat in saal of rye.
2. Praat aanhoudend in klas.
3. Gehoorsaam nie opdragte.
4. Vergeet benodigdhede tuis of in skool.
5. Onaanvaarbare gedrag in gange.
6. Tuiswerkboek nie geteken, tuiswerk nie afgeskryf nie.
7. Hare- of kleredrag oortreding.
8. Laat vir klas of skool.
9. Speel buite afgebakende areas.
10. Eet of drink in klas.
11. Klaswerk nie voltooi.

STAPPE

1. Berispe
2. 1 tot 3 strafpunte

KATEGORIE 2: OORTREDINGS

1. Tuiswerk nie gedoen.
2. Kou kougom.
3. Strooi rommel, verlaat vertrek sonder om op te ruim.
4. Ontwrigtende of steurende gedrag.
5. Bakleiery / Spoeg.
6. Gebruik vuil taal.
7. Versuim om sportbedrywighede by te woon.
8. Onbeleefde optrede teenoor ander leerders.
9. Geen respek vir eie of ander se eiendom.
10. Skree in gange.

STAPPE

1. Berispe
2. 3 tot 5 strafpunte

KATEGORIE 3: GROOT OORTREDINGS

1. Oneerlikheid, leuens, vervalsing.
2. Knou ander leerders af.
3. Onbeskof / parmantig teenoor onderwysers.
4. Verlaat skoolterrein sonder toestemming.
5. In besit van gevaarlike of verbode speelgoed in skool.
6. Rook.
7. Versuim om skool by te woon – stokkiesdraai.

STAPPE

1. Kontak ouers
2. 5 tot 8 strafpunte

KATEGORIE 4: BAIE ERNSTIGE OORTREDINGS

1. Steel.
2. Vandalisme
3. In besit, gebruik van dwelms, alkohol.
4. In besit van pornografiese materiaal.
5. Onwelvoeglike, onaanvaarbare seksuele gedrag.
6. Oortreding van eksamenreëls.
7. Fisiese aanranding.
8. In besit van ‘n wapen.

STAPPE

1. Kontak ouers onmiddellik
2. Kontak polisie indien nodig.
3. Kontak Beheerliggaam

STAPPE:

1. 10 Negatiewe punte = 1ste Middag detensie. Ouers kry brief.
2. 20 Negatiewe punte = 2de Middag detensie. Ouers word geskakel.
3. 30 Negatiewe punte = 3de Middag detensie.
   Kontak ouers met laaste skriftelike waarskuwing en kom vir ‘n vergadering met Dissiplinêre Komitee om gedragsprobleme aan te spreek en moontlike oplossing te vind. Sekere voorregte word weggeneem.
4. 40 Negatiewe punte: Kontak ouers, maak afspraak met Beheerliggaam verhoor.

* **Daar sal oorgegaan word na ‘n volgende stap indien die leerder versuim om detensie by te woon.**

REËL RAKENDE SELFONE:

Geen selfoon mag op die skoolterrein gebruik of hanteer word vir enige doeleindes tydens skoolure nie (pouses ingesluit). Selfone sal gekonfiskeer word in welke geval ouers dit by die skoolhoof kan kom afhaal teen ‘n bedrag van R100-00.

AANVAARDING VAN SKOOLREËLS EN DISSIPLINÊRE STELSEL

Hiermee onderneem ek die ondergetekende, en ouer/voog van

.....
(NAAM VAN LEERDER)

om my te alle tye neer te lê by die skoolreëls en dissiplinêre stelsel of enige wysigings daarvan soos deur die Beheerraad van Hoërskool Paul Sauer goedgekeur.

.....
HANDTEKENING: MOEDER/VOOG

.....
HANDTEKENING: VADER/VOOG

.....
DATUM